

‘Dis ons land die, maar Afrika is my regte land’

’n Bykans vergete groep Afrikaanssprekendes in Argentinië het ’n dokumentêre filmmaker na sy kamera laat gryp en die onderwerp van ’n Amerikaanse universiteit se studieprojek geword. *Boere op die aardsdrempele* met **Richard Finn Gregory** as regisseur en kameraman, is ’n hartroerende kykie na taal en tuiste. **Maryke Roberts** het meer gaan uitvind.

Die film vertel die storie van ’n unieke vorm van die Afrikaanse taal en kultuur, wat reeds meer as 120 jaar in die middel van die Patagoniese woestyn voortbestaan.

Sowat 650 Suid-Afrikaners het tussen 1902 en 1908 na Argentinië geëmigreer omdat hulle ná die Anglo-Boereoorlog nie onder die Britse mag wou woon nie en omdat die Argentynse regering aanloklike boerderygeleenthede belêwe het.

Die veldtog was nie net tot Suid-Afrika beperk nie, maar ook uitgebrei na ander wêrelddele en daar is deesdae nog Walliese en Franse nedersettings, waar die taal en kultuur van hul geboorteland onderhou word.

Dit is een van die dokumentêre films wat by die kykNET Silwerskermfees in 2015, op Showmax en by vanjaar se Toyota US Woordfees vertoon is. Die feesvertoning is gevolg deur ’n paneelbespreking met die regisseur en skrywer Richard Finn Gregory en ’n span van drie taalkundiges van die Universiteit van Michigan (proff. Andries Coetzee, Nicholas Henriksen en Lorenzo García-Amaya), wat tans die Afrikaans van die laaste lede van hierdie gemeenskap dokumenteer.

Die dokumentêr fokus veral op Themis (Ty) Dickason, Juan (Jan) Schlebushen en sy vrou, Martha, en hoe hulle uiteindelik hul lewensdroom kon verwesenlik om vir familie in Suid-Afrika te kom kuier.

Ty se seun, Ruben, maak die vlug mee. Daar is aandoenlike tonele waar Ty sy neef, Cecil Dickason, se hand skud; hoe hulle later saam by Tsitsikamma oor die see staan en uitkyk. Ty staan op een plek in die film op sy plaas in Patagonië en sê: “Soos hierdie versteende klip is ons Afrikaners hier in dié wêreld versteen. Afrika is my regte land.”

Die gesprek ná die film word meestal deur prof. Coetzee gelei. Hy is al 15 jaar in Amerika en baie geraak deur die geleentheid om sy moedertal elders in die wêreld op te teken.

Gregory vertel dat die idee vir die dokumentêr by ’n braai ontstaan het. “Waar anders?” sê hy laggend. ’n Vriend het vertel van dié groep Afrikaanssprekendes en hy was verbaas. Hy het die volgende dag begin lees en gevind dis inderdaad so.

“Maar ek vind toe daar is nie onlangse navorsing nie en wonder toe of daar nog mense oor is wat wel Afrikaans praat.”

Gregory het op artikels in die *Mail & Guardian* afgekom; ook Tony Leon se boek *The Accidental Ambassador: From Parliament to Patagonia* verwys daarna.

Dis asof daar so elke vyf of agt jaar nuwe belangstelling is en die media dan daaroor berig. Brian du Toit het in die 80’s die boek *Kolonias Boer* daaroor geskryf.

Gregory vertel dit was geen

grap om iemand in dié gemeenskap op te spoor nie. Hy het wel vele Afrikaanse vanne opgespoor, maar geen reaksie op internetnavrae gekry nie. Dis eers toe hy navrae in sy gebroke Spaans gerig het, wat hy van Ruben, Ty se seun, gehoor het. Danksy Google se vertalingsfunksie kon hulle mekaar so effe verstaan.

Met sy aanlyn navrae kruis sy paadjie met Coetzee in Amerika, wat vertel dat sy departement al geruime tyd belangstel om navorsing daar onder die Afrikaanssprekendes te gaan doen. “Hy vra toe dat ons in kontak sal bly, sodat ek kan raadgee oor die lewensvatbaarheid van die projek.”

Gregory begin toe ’n skarefinansieringsprojek en samel sowat R60 000 in – genoeg vir ’n vliegkaartjie, motorhuur en ’n week of wat se navorsing in die dorpie. Hy wou ’n kortfilm maak wat hy as bemarking kon gebruik om sy droom te verwesenlik van ’n dokumentêr.

“Maar toe ek daar in die vlaktes op aanwysings van Google Maps ry en verdwaal, het ek ’n hele paar keer myself afgepra: ‘wat doen jy?’; ‘het Ruben jou werklik genooi om te kom oorbly?’”. Die twyfel en vrees het beurte gemaak om my te verlam.

“Gelukkig het ek myself gou reggeruk en die motor in die teenoorgestelde rigting gedraai en uiteindelik die dorp gekry.”

Tydens Gregory se studie in Barcelona het hy bietjie Spaans geleer en moes hy dit vinnig afstof toe hy tussen die mense begin rondbeweeg. “Toe Ruben sy ma gaan haal en sy antwoord my in Afrikaans, was ek só verlig, omdat ek in Pretoria as skoolkind baie Afrikaans moes praai en dit goed verstaan.”

Hy vertel dat die film baie na aan die oorspronklike plan – ’n rariteit in die maak van dokumentêre films – afgehandel is. Die kortfilm het by verskeie filmfeeste in Suid-Afrika gedraai en toe die drie minuut lange lokprent aanlyn uitgereik is, is dit meer as 100 000 keer gekyk. Hierna het die samewerking met kykNET en DSTV gebeur.

Gregory het daarna drie reise onderneem. Een weer alleen en toe hy later terugkeer om die volgelente dokumentêr te verfilm, het hy van sy Spaanse klasmaats uit Barcelona saamgenooi.

Nie alleen het hy geweet hy het die beste filmspan nie, maar hul Spaans het ook vir hulle dinge vergemaklik en – in sommige gevalle – deure oopgemaak.

Hy het gou besef dat die dokumentêr nie soveel trefkrag sou hê as die mense wie die film volg, nie Suid-Afrika toe kan kom nie.

Dis die plek waarheen hulle verlang; die moederland waarna hulle hunker. “Maar kontemporêre Suid-Afrika is beslis ’n baie ander, meer komplekse plek as dié een wat hul voorvaders bykans 120 jaar gelede agtergelaat het.



Juan (Jan) Schlebushen op sy plaas in Patagonië. Juan is een van die hoofkarakters in die dokumentêr *Boere op die aardsdrempele*. Foto's: CLIFFORD ROBERTS | RICHARD GREGORY



Prof. Andries Coetzee en Richard Finn Gregory, regisseur en kameraman, tydens hul besoek aan Stellenbosch in Maart.

“Ek het ook besef toe ek na hul tradisies, musiek en so meer kyk, dat hulle ’n baie geïdealiseerde weergawe van die land in hul gedagtes gebou het.

“Hul gebruike was beslis verouderd en ook met ’n tikkie Spaanse invloed by – heeltemal te verstaan as jy in ag neem dat Afrikaans nou hul tweede taal is en hul lewens in Spaans is. Ek het gou besef ons almal het ’n gekonstrueerde idee van ons identiteit, maar dit kan nie gekonstrueer word nie. Ons identiteit gebeur ten spyte van ons beste bedoelinge.”

Gregory sê hy het met die dokumentêre projek besef dat jou huis op die ou end is waar jou familie is.

Daar was natuurlik kritiek voor en ná die film: aanvanklik het mense gesê dis nie ’n Engelsman se erfenis nie, wie gee hom die reg om Afrikaners se storie te vertel? Veral as jy in ag neem dat die mense ’n eeu gelede onder die Engelse uit gevul het.

Die kritiek ná die film se uitrei-

Prestasies

Richard Gregory het vir dié film ’n Golden Horn-prys vir beste prestasie in redigering in ’n dokumentêr en ’n benoeming vir regie ontvang. Hierbenewens het die film ’n South African Society of Cinematographers-prys vir dokumentêre kinematografie; drie South African Film & Television-pryse (Safta); en ’n erpenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gekry.

Gregory het ’n meestersgraad in kinematografiese teksskryf en regie; asook ’n graad in literatuur en het aan ’n filmskool in Barcelona, Spanje, studeer. Hy maak sedert 2007 dokumentêre films en fokus op sosiale en kulturele dokumentêre films, wat dikwels die kollig plaas op gemarginaliseerde gemeenskappe, of diene aan die rand van hoofstroom-gemeenskappe.

king was onder meer dat die mense armsalig en agterlik uitgebeeld is. Op die eerste kritiek is sy verweer dat niemand anders – Engels of Afrikaans – die projek wou aanpak nie en die geleentheid word al hoe skraler omdat die mense al hoe ouer word.

Op die tweede vlag kritiek antwoord hy dat dit meestal mense in meer gegoede dele van die land is wat gekla het.

“Dis asof Afrikaners nie wil sien waardeur hul voorvaders moes worstel om vir hulle ’n toekomst te verseker nie.”

En anders as wat ek verwag het, was lang afstande, taal, slegte internet of stofpaie nie sy grootste uitdaging nie. “Die uitdaging wat my die meeste verras het van die hele projek, was mense se nuuskierigheid oor Suid-Afrika.

“Ek moes hulle kort-kort herinner ons is hier vir hul storie en hoewel dit heerlik is om oor my land te gesels, ons nie onbeperkte tyd gehad het om die verfilming te voltooi nie.”

Ty vertel in die film dat die meerderheid van die mense daar maar soos hy is en nie van die geraas van die stad hou nie.

Hy vertel met trane in sy oë: “Dis ons land hierdie, maar Afrika is my regte land.”

Soos in vele ander wêrelddele, wil die jonger geslag nie gaan boer nie. Die stadsliggies flikker net té aanloklik. Juan vertel dat die plaas wat eens baie voorspoedig was, nou erg agteruitgaan omdat hy oud word en nie meer sy hand op alles kan hou nie.

Hy vertel mymerend dat alles waarvoor hy op daardie grond gewerk het, dalk binnekort tot niks sal terugkeer. Coetzee sê hy en sy kollegas werk die afgelope vyf jaar aan die projek en hanteer dit as ’n gevallestudie van migrasie en hoe dit jou identiteit beïnvloed.

Hy sê hoe verstom hy was oor hoe maklik hy die mense se Afrikaans kon verstaan. Hoewel hul grammatika en taal effe verander het, was dit nader aan die moderne Afrikaans as wat hy gedink het. “In 1902 was Afrikaans nie ’n amptelike landstaal nie en dit was nie neergeskryf nie. Hollands is meestal gepraat, maar dit wys

en ook beskikbaar aanlyn. ’n Diger het ook ’n palindrome antwoord op sy beroemde “Cartesiaan” geskryf: Cartesiaan Ek is net lyf en gees, niks tussenin: niks van die kerk se “siel”, die leë droom.



Ty Dickason en sy suster Catalina (Kik) Dickason.



Enriqueta van der Merwe, Ty Dickason se eksvrou, met haar trekklaavier.



Graciela Aguilera, Elisabet Ríos de Venter en Norma Rivera Blackie sny melktert by die klub wat gereed byeenkom vir Suid-Afrikaanse geregte.

eintlik hoe stabiel Afrikaans toe al was. Die jonger geslag praat Spaans, maar die kultuur en kos van die destydse Afrikaner word sterk ondersteun.”

Net sowat 40 mense praat nog Afrikaans daar.

Hulle was al verskeie kere terug na die gemeenskap en is elke keer verbaas as hulle nog iemand ontmoet wat Afrikaans kan praat. Sommige mense se Afrikaans is egter só verroes, dat samehangende opnames onmoontlik is.

“Maar as ons etlike maande later weer daar aankom, het daardie mense hul taalgebruik opgeskerp en is opnames moontlik. Dit maak jou hart warm,” vertel hy.

Coetzee-hulle het net voor die Woordfees teruggekeer van tien dae in Namakwaland en gevind die Afrikaans van die Patagoniese Afrikaners is soortgelyk aan die Namakwalandse Afrikaans.

Gregory sê die dokumentêr het verskeie uitloeiings gehad: uitruilprogramme tussen Suid-Afri-

ka en die Patagoniese Afrikaanssprekendes en ook jong mense daar, wat nou aanlyn Afrikaans leer, met behulp van ’n priester in Buenos Aires. En met Coetzee en sy kollegas terug in Amerika, en Gregory steeds in kontak met almal in Comodoro Rivadavia, gaan die lewe voort.

Gregory was intussen deel van die kameraspan wat aan die Discovery-kanaal se *Ocean Warriors*, wat die Humane Society of the United States’ Genesis-prys vir ’n uitmuntende dokumentêre TV-reeks en die Jackson Hole Wildlife Film Festival se 2017-prys vir beste beperkte reeks gewen het.

Hy was ook die laaste mens om Nelson Mandela in ’n private hoedanigheid te verfilm, as deel van die *21 Icons*-projek.

Nou werk hy aan sy volgende film, *The Radical*, oor die wêreld se eerste openlike gay imam en sy stryd om LGBT-regte binne die Islamitiese geloof oor Afrika heen te bevorder.

SÊ JOU SÊ

Louw se posisie en kentering tussen geloof en nie-geloof kaleidoskopies te lees

Joan Hambidge, Kaapstad

In ’n brief in *By* (04.07) skryf dr. Frits Gaum oor “Van Wyk Louw en die geloof”. Hy meen dat AJ Opperman nie veel vertel van Louw se geloof nie.

Hy gaan die bekende geskiedenis weer na van geloof en die

verlies van geloof soos opgeteken in Opperman se *Digers van dertig* en die versuring van hul verhouding.

En Jaap Steyn se siening oor sy geloof in sy bekende biografie en die ontdekking van ’n brief by sy bed – in die vorm van ’n gebed.

Tans is daar ’n uitsonderlike reeks op Versindaba, ’n webtuiste, waar verskillende digters kommentaar lewer op Louw se gedigte en hom só herdenk.

En in *Tydskrif vir geesteswetenskappe* ’n uitstekende artikel van Anastasia de Vries,

“Die pluimsaad waai ver(der): om Van Wyk Louw in Katolieke verband te herverbeel”.

Soos De Vries skryf: Van Wyk Louw as Katolieke “plek van herinnering”.

Hierdie klief van ’n uitgawe, onder redaksie van prof. Ronel Juhl, is *TGW 60* – Junie 2020

Net boom en grond. Die dryfsand se sin is iewers wel slinks en slu bedroom deur Freud en Lacan – die gode van drieë. (...) Uiteraard bestaan daar verskillende opvattinge oor Louw se geloof.

Sy gedigte lewer die beste voorbeeld hiervan en hoe hy in die jare telkens van geloofsposisie verander het. En in *Tydskrif vir geesteswetenskappe* sien ons die kaleidoskopiese kentering tussen geloof en nie-geloof.